7.2.2 Die luguitdrywing, naatsluiting en verwerking moet op so 'n manier geskied dat die ente konkaaf bly tydens normale vervoer- en bewaringstoestande. Onder normale vervoer- en bewaringstoestande moet die produk 'n goedhouvermoë van minstens 18 maande hê.

7.2.3 Die tyd-temperatuurproses moet—

(*a*) die vernietiging van patogene organismes; en
(*b*) afwesigheid van mikrobiologiese bederf, verseker.

AFDELING 8.—ETIKETTERING EN MERK VAN HOUERS.

8.1 BESONDERHEDE WAT OP ELKE HOUER OF ETIKET MOET VERSKYN.

Onderworpe aan 8.4, moet onderstaande besonderhede goed leesbaar op elke houer of etiket verskyn en wel sodanig in die oog vallend en in sodanige lettergrootte soos deur die regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Maten en Gewichten, No. 32 van 1922, en die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, voorgeskryf word:—

(*a*) Die volle naam en besigheidsadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beheermaatskappy, of, in die geval van houers wat vir 'n bepaalde persoon verpak word, die volle naam en besigheidsadres van daardie persoon, voorafgegaan deur woorde wat aantoon dat die inhoud vir daardie persoon verpak is;

(*b*) 'n juiste beskrywing van die inhoud;

(*c*) die netto-gewig van die inhoud;

(*d*) die inmaakdatum en (indien gebruik), die produksielotnommer, op die houer gebosseleer of op 'n ander manier onuitwisbaar aangebring. (Enige merk of kode wat in plaas van die datum gebruik word, moet by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geregistreer word); en

(*e*) woorde wat die land van herkoms aandui.

8.2 AANHEG VAN ETIKETTE.

8.2.1 Etikette op houers moet skoon en netjies en stewig aangebring wees en mag nie oor ander etikette geplak of deur enigiemand anders as die fabrikant of sy gemagtigde agent opgeplak word nie.

8.2.2 Etiket-gom wat moontlik kan bederf as die produk onder vogtige toestande bewaar word, mag nie gebruik word nie.

8.3 DIE MERK VAN PAKKETTE.

As die houers in pakkette gepak word, moet die pakkette skoon, netjies en heel wees, en op elke pakket moet die aantal en die grootte van die houers gedruk of gesjabloneer word, en ook die besonderhede wat volgens 8.1 (*a*), (*b*), (*c*) en (*e*) op die houers aangegee moet word, met dien verstande dat die besigheidsadres van die fabrikant of produsent nie die volle besigheidsadres hoef te wees nie, dog slegs die minimum wat nodig is om hom te herken.

6.2 SEALING OF CONTAINERS.

All containers shall be hermitically sealed and all all closures strongly and accurately made.

SECTION 7.—PACKING AND PROCESSING REQUIREMENTS.

7.1 FILLING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.

The product shall be prepared and filled under strictly hygienic conditions, into sound and clean containers. Lids shall be clean at the time of use.

7.2 EXHAUSTING, SEAMING AND PROCESSING.

7.2.1 The filled containers shall be sufficiently exhausted, properly seamed and processed by heat.

7.2.2 The exhausting, seaming and processing shall be done in such a manner that the ends remain concave under normal transport and storage conditions. Under normal conditions of transport and storage the product shall have a minimum shelf life of 18 months.

7.2.3. The time-temperature process shall ensure (*a*) the destruction of pathogenic organisms, and (*b*) freedom from microbiological spoilage.

SECTION 8.—LABELLING AND MARKING OF CONTAINERS.

8.1 DETAILS REQUIRED ON EACH CONTAINER OR LABEL.

Subject to 8.4, the following information shall appear legibly on each container or label in type of such size and prominence as prescribed by the regulations promulgated under the Weights and Measures Act, No. 32 of 1922, and the Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929:—

(*a*) The full name and business address of the manufacturer, producer, proprietor or controlling company, or, in the case of containers packed for any particular person, the full name and business address of that person, preceded by words signifying that the contents were packed for that person;

(*b*) a true description of the contents;

(*c*) the net weight of the contents;

(*d*) the date of canning and, if used, the batch number, embossed or otherwise indelibly marked on the container. (Any mark or code used in lieu of the date shall be registered with the South African Bureau of Standards); and

(*e*) words signifying the country of origin.

8.2 ATTACHING OF LABELS.

8.2.1 Labels on containers shall be clean and neat and securely attached and shall not be superimposed on other labels. They shall not be applied by any person other than the manufacturer or his authorized agent.

8.2.2 Label glue which is liable to deterioration under humid conditions of storage of the canned product shall not be used.

8.3 MARKING OF PACKAGES.

If containers are placed in packages, such packages shall be clean, neat and unbroken and on every such package shall be printed or stencilled the number and size of the containers and the information required to be given on such containers as specified in 8.1 (*a*), (*b*), (*c*) and (*e*), except that the business address of the manufacturer or producer need not be the full business address, but the minimum necessary to enable him to be identified.

8.4 HOUERS VIR UITVOER.

Ingemaakte kreef wat vir uitvoerdoeleindes verpak is, mag volgens die regulasies van die invoerland geëtiketteer word of sonder etiket versend word, mits elke houer 'n kodemerk in plaas van die naam van die produsent dra. en die pakket al die besonderhede volgens 8.3 vereis. Ingemaakte kreef mag nie sonder etiket uitgevoer word nie, tensy die kode wat gebruik word vooraf by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geregistreer is.

AFDELING 9.—FISIESE ONDERSOEK.

9.1 BEPALING VAN DIE VAKUUM EN NETTO-GEWIG VAN DIE INHOUD.

9.1.1 Bepaal die bruto-gewig deur die ongeopende houer te weeg. Meet, in die geval van 'n houer waarvan die deksel met 'n dubbelnaat bevestig is, die vakuum met behulp van 'n vakuummeter en sny die deksel uit.

9.1.2 Bring die inhoud van die houer op 'n sif oor (9.2) en was, droog en weeg die houer met deksel en al. Die verskil tussen die bruto-gewig (9.1.1) en die gewig van die houer plus deksel is die netto-gewig van die inhoud.

9.2 BEPALING VAN DIE GEDREINEERDE GEWIG VAN DIE INHOUD.

Bring die inhoud van die houer oor op 'n sif met 8 mase per duim. Dreineer die residu op die sif twee minute lank en weeg. Bereken die gedreineerde gewig as 'n persentasie van die verklaarde netto-gewig.

AFDELING 10.—INKUBERING EN MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

10.1 INKUBERING VAN HOUERS BY 37° C.

Inkubeer die houers 14 dae lank by 37° C. Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers vir tekens van mikrobiologiese bederf volgens 10.2, en vir patogene organismes.

10.2 MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

10.2.1 *Vereistes wat betref kweekbodems.*—Vir elke houer wat ondersoek moet word, is onderstaande aantal kweekbodems in buisies vir die uitvoering van die kultuur-ondersoek nodig:—

Voedende glukoseboeljon	3
Dekstrose-triptonboeljon	3
Kweekbodem van gekookte vleis	3
Lewerboeljon	6

10.2.2 *Glaswerk.*—Alle glaswerk wat by die mikrobiologiese ondersoek van kreef gebruik word, moet gesteriliseer wees. Dit moet by voorkeur 1 uur lank met droë hitte by 170° C. gesteriliseer word. Nadat die proefbuisies skoongemaak is, moet hulle van watteplusie voorsien word voor sterilisasie.

10.2.3 *Fisiese ondersoek en gereedmaking van die houer.*

10.2.3.1 Maak aantekening van alle herkenningsmerke wat op die houer of etiket voorkom.

10.2.3.2 Verwyder die etiket. Maak aantekening van fisiese gebreke soos roes, speldegaatjies, duike, onvolkome sluiting of defektiewe nate. Maak 'n duidelike merk by alle twyfelagtige punte wat nog aan verdere fisiese ondersoek onderwerp moet word nadat die houer oopgemaak is.

10.2.3.3 Maak die houer deeglik skoon met water en seep. Indien dit vetterig is, kan dit van nut wees om 'n oplosmiddel soos petroleumeter, alkohol of nafta te gebruik.

10.2.3.4 Vir sterilisasie by die openingspunt moet die houer met die hand vasgehou en die bokant wat vantevore skoongemaak is in die vlam van 'n Bunsen-brander gehou word. Versprei die hitte deur die houer met die hand in die rondte te draai terwyl die verhitting plaasvind. *Moenie met die vlam op die bokant van die houer speel nie,* aangesien gekonsentreerde hitte die inhoud kan verskroei. Daar word aan die hand gedoen dat opgeblaasde houers deeglik met alkohol (60 persent) skoon gemaak word nadat hulle met water en seep behandel is, en nie in 'n vlam gehou moet word nie.

8.4 CONTAINERS FOR EXPORT.

Canned rock lobster packed for export may be labelled in accordance with the regulations of the importing country or dispatched unlabelled; provided that each container bears a code mark in lieu of the name of the producer, and the outer package bears all the information required by 8.3. The code mark shall be registered in advance with the South African Bureau of Standards.

SECTION 9.—PHYSICAL EXAMINATION.

9.1 DETERMINATION OF VACUUM AND NET WEIGHT OF CONTENTS.

9.1.1 Determine the gross weight by weighing the unopened container. In the case of a container with a lid attached by a double seam, measure the vacuum by means of a vacuum gauge and cut out the lid.

9.1.2 Transfer the contents of the container to a sieve (9.2) and wash, dry and weigh the container complete with lid. The difference between the gross weight (9.1.1) and the weight of the container and lid gives the net weight of the contents.

9.2 DETERMINATION OF DRAINED WEIGHT OF CONTENTS.

Transfer the contents of the can to a sieve with 8 meshes to the inch. Drain the residue on the sieve for 2 minutes and weigh. Calculate the drained weight as a percentage of the declared net weight.

SECTION 10.—INCUBATION AND MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

10.1 INCUBATION OF CONTAINERS AT 37° C.

Incubate the containers for 14 days at 37° C. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of microbiological spoilage in accordance with 10.2, and for pathogenic organisms.

10.2 METHODS OF MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

10.2.1 *Media Requirements.*—Each container to be examined requires the following number of tubed media for the purposes of cultural examination:—

Glucose nutrient broth	3
Dextrose tryptone broth	3
Cooked meat medium	3
Liver broth	6

10.2.2 *Glassware.*—All glassware used in the microbiological examination of rock lobster shall be sterile. Sterilization shall preferably be performed by dry heat at 170° C. for 1 hour. After cleaning, plug all test tubes with cotton wool before sterilization.

10.2.3 *Physical Examination and Preparation of Container.*

10.2.3.1 Note and record all marks of identification appearing on the container or label.

10.2.3.2 Remove the label. Record any physical defects, such as rust, pinholing, dents, imperfect closure or defective seams. Plainly mark for inspection questionable points to be given further physical examination after the container has been opened.

10.2.3.3 Thoroughly clean the container with soap and water. If it is greasy, it may be found helpful to apply a solvent such as petroleum ether, alcohol or naphtha.

10.2.3.4 For sterilization at the site of opening, grasp the container in the hand and hold the previously cleaned top in the flame of a Bunsen burner, distributing the heat with a circular motion. *Do not play the flame down on the top of the container* as concentration of heat may cause scorching of the contents. It is suggested that blown containers be thoroughly cleaned with 60 per cent alcohol, after treatment with soap and water and not flamed.

10.2.4 *Monsterneming van die inhoud.*

10.2.4.1 *Bepaling van die vakuum of druk.*—Deurboor die openingspunt onder aseptiese toestande met die punt van 'n vakuum- of drukmeter, nadat die bokant van die houer met 'n vlam of op 'n ander manier gesteriliseer is, en maak aantekening van die meterlesing. Bedek die houer se bokant onmiddellik met 'n gesteriliseerde petribakkie of 'n ander soort gesteriliseerde deksel sodra die meter weggeneem word.

10.2.4.2 *Die oopmaak van die houer.*—Vergroot die gaatjie deur die meter gemaak met behulp van 'n geskikte tipe gesteriliseerde instrument, by voorkeur die tipe waarmee 'n skyf rondom die gaatjie as middelpunt gesny kan word, of 'n deurboringsinstrument waarmee die gaatjie se deursnee tot 0·5 tot 1 dm. vergroot kan word.

10.2.4.3 *Verwydering van die inoculum.*—Verwyder kreefprodukte met behulp van gesteriliseerde lepels, gesteriliseerde kurkbore of steekbuisies van glas. Waar bore of steekbuisies gebruik word, moet hulle voor sterilisasie met watteproppe toegestop word. Druk die voedsel uit die steekbuis in 'n gesteriliseerde fles wat ongeveer 50 ml. gesteriliseerde water en glaskrale bevat. Neem vir hierdie doel minstens 15 g. materiaal. Meng die materiaal en die water deur te skud; die krale maak dat die materiaal opbreek. Bring met behulp van gesteriliseerde pipette 2-ml. hoeveelhede oor na elk van die buisies met glukoseboeljon, dekstrose-triptonboeljon, lewerboeljon en die kweekbodem van gekookte vleis. Voor die inoculum in die kweekbodem van gekookte vleis geplaas word, moet die bedekkende laag petroleumjellie gesmelt word deur die kweekbodem te verhit. Verseël die lewerboeljonbuisies en die dekstrose-triptonboeljonbuisies volgens 10.2.4.4.

10.2.4.4 *Verseëling van die kultuurbuisies vir anerobiese inkubasie.*—Verseël die ses lewerboeljonbuisies en die drie dekstrose-triptonboeljonbuisies deur 'n lagie gesteriliseerde petroleumjellie, vloeibare agar, vloeibare paraffien of paraffienwas van 0·5 dm. dikte op die oppervlak van die boeljon te pipetteer en laat die seël dan stol.

10.2.4.5 *Verhitting van die kweekbodem van gekookte vleis.*—Verhit die kweekbodem van gekookte veis na inokulering 10 minute lank by 80° C. en laat dan afkoel. Laat die seël voor inkubering stol.

10.2.4.6 *Inkubering van die kultuurbuisies.*—Inkubeer die kultuurbuisies soos volg:—

Voedend glukoseboeljon: 3 buisies, 5 dae lank erobies by 37° C.

Dekstrose-triptonboeljon: 3 buisies, 5 dae lank anerobies by 55° C.

Lewerboeljon: 3 buisies, 5 dae lank anerobies by 37° C. en 3 buisies, 5 dae lank anerobies by 55° C.

Kweekbodem van gekookte vlei: 3 buisies, 5 dae lank anerobies by 37° C.

Berei in die geval van opgeblaasde houers nog 'n stel buisies en inkubeer hulle 5 dae lank anerobies en erobies by 20° C.

Ondersoek die kultuurbuisies na inkubering en bepaal die aard van die geïsoleerde organismes.

10.2.4.7 Voer, nadat 'n monster van die inhoud van die houer vir kultuurkweking geneem is, onderstaande ondersoek op die inhoud en houer uit en noteer die bevindings:—

(*a*) Maak 'n direkte smeer van die inhoud, kleur dit volgens die Gram-metode en ondersoek mikroskopies.

(*b*) Bepaal die pH-waarde.

(*c*) Ondersoek die inhoud vir verslegting, kleurverandering, ens.

(*d*) Ondersoek die binnekant van die houer vir vlekke, vernis, roes, ens.

(*e*) Ondersoek en meet die houernate met die oog op onreëlmatighede.

10.3 BEREIDING VAN KWEEKBODEMS.

10.3.1 *Voedende glukoseboeljon.*—Voeg 3 g. vleisekstrak, 5 g. pepton en 2 g. glukose (dekstrose) by 1,000 ml. gedistilleerde water. Verwarm om op te los, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf.

10.2.4 *Sampling of Contents.*

10.2.4.1 *Recording of Vacuum or Pressure.*—After flaming or otherwise sterilizing the top of the container, pierce the point of opening by means of a vacuum or pressure gauge tip under aseptic conditions and make a record of the reading shown on the gauge. On removal of the gauge, immediately cover the top of the container with a sterile petri dish or other form of sterile cover.

10.2.4.2 *Opening of Container.*—Now enlarge the gauge puncture by means of an appropriate type of sterile instrument, preferably the type that will cut a circular disc around the central puncture, or a piercing instrument which enlarges the puncture to a diameter of 0·5 to 1 in.

10.2.4.3 *Removal of Inoculum.*—Remove the rock lobster by means of strile spoons, sterile cork borers or glass sampling tubes. Where borers or sampling tubes are employed plug them with cotton wool before sterilization. Force the plug of food material from the sampling tube into a sterile flask containing approximately 50 ml. sterile water and glass beads. Take at least 15 g. of material for this purpose. Now mix the material and water by shaking, the beads causing the material to break up, and introduce 2-ml. quantities into each of the glucose broth, dextrose tryptone broth, liver broth and cooked meat medium tubes, by means of sterile pipettes. Before introducing the inoculum into the cooked meat medium, liquefy the petroleum jelly seal by heating the medium. Seal the liver broth tubes and dextrose tryptone broth tubes in accordance with 10.2.4.4.

10.2.4.4 *Sealing of Media Tubes for Anaerobic Incubation.*—Seal the six liver broth tubes and the three dextrose tryptone broth tubes by pipetting sterile petroleum jelly, liquid agar, liquid paraffin or paraffin wax on to the surface of the broth to a depth of approximately 0·5 in., and allow the seal to set.

10.2.4.5 *Heating of Cooked Meat Medium.*—After inoculation heat the cooked meat medium at 80° C. for 10 minutes and then allow to cool. Allow the seal to set before incubation.

10.2.4.6 *Incubation of the Culture Tubes.*—Incubate the culture tubes as follows:—

Glucose nutrient broth: 3 tubes aerobically at 37° C. for 5 days.

Dextrose tryptone broth: 3 tubes anaerobically at 55° C. for 5 days.

Liver broth: 3 tubes anaerobically at 37° C. and 3 tubes anaerobically at 55° C. for 5 days.

Cooked meat medium: 3 tubes anaerobically at 37° C. for 5 days.

In the case of blown containers, prepare a further set of tubes and incubate them anaerobically and aerobically at 20° C. for 5 days.

After incubation examine the culture tubes and determine the nature of the organisms isolated.

10.2.4.7 After the contents of the container have been sampled for culturing make the following examination on the contents and the container and record the findings:—

(*a*) Make a direct smear of the contents, stain it by Gram's method and examine it microscopically.

(*b*) Determine the pH value.

(*c*) Examine the contents for deterioration, discoloration, etc.

(*d*) Examine the interior of the container for stain, lacquer, rust, etc.

(*e*) Examine and measure the seams of the container for abnormalities.

10.3 PREPARATION OF MEDIA.

10.3.1 *Glucose Nutrient Broth.*—To 1,000 ml. of distilled water add 3 g. beef-extract, 5 g. peptone and 2 g. glucose (dextrose). Warm to dissolve, tube in 10-ml. quantities and autoclave at 121° C. for 30 minutes.

10.3.2 *Dekstrose-triptonboeljon.*—Meng 10 g. tripton, 5 g. dekstrose en 0.04 g. broomkresel-pers met 1,000 ml. gedistilleerde water en stoom totdat alles opgelos is. Reël die reaksie tot 'n pH-waarde van 6·8 tot 7·0, filtreer, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf.

10.3.3 *Kweekbodem van gekookte vleis.*—Sny 500 g. maer bees- of kalfshart in klein stukkies en bedek met gedistilleerde water. Bring aan die kook, laat 1 uur lank saggies kook en syg die vloeibare aftreksel deur verskeie diktes neteldoek. Maal die vleis drie maal in 'n vleismeul en breek die stukkies op deur hulle tussen die hande te vrywe. Vul die vloeibare aftreksel met gedistilleerde water tot 2 liter aan en meng met die vleis. Voeg dan normale natriumhidroksiedoplossing daarby tot die pH-waarde van die bedrywende vloeistof 8·0 is. Weeg die kweekbodem in 'n geweegde houer af en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf. Herstel die gewig met gedistilleerde water en reël die pH-waarde weer tot 8·0. Kook 10 minute lank, herstel die gewig met gedistilleerde water en reël die pH-waarde weer tot 8·0. Kook weer 10 minute lank, herstel die gewig en reël die pH-waarde, as die reaksie suurder as pH 7·5 is, tot hierdie waarde. Plaas oor in buisies terwyl die mengsel voortdurend goed geroer word sodat die vleisdeeltjies eweredig tussen die buisies verdeel word. Bedek met 'n lagie gesteriliseerde petroleumjellie en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf. Bepaal die finale pH-waarde; dit behoort ongeveer 7·1 te wees en mag nie 'n suur-reaksie toon nie.

10.3.4 *Lewerboeljon.*—Kook 500 g. gemaalde beeslewer 1 uur lank in 1,000 ml. gedistilleerde water. Reël die pH-waarde van die mengsel tot 7·0 en kook nog 10 minute lank. Syg deur verskeie diktes neteldoek en vul die volume aan tot 1,000 ml. met gedistilleerde water. Voeg 10 g. pepton en 1 g. dikalumfosfaat daarby en reël die pH-waarde tot 7·0. Plaas die kweekbodem in hoeveelhede van 10 ml. in buisies en voeg by elke buisie omtrent 2 g. lewerdeeltjies. Steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf. Kook hierdie kweekbodem voor gebruik 10 tot 15 minute lank om aanwesige lug te verdryf en laat die buisie voor inokulering afkoel.

---

* No. 459.] [6 Maart 1953.

WET OP STANDAARDE, 1945.

VERKLARING VAN DIE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE VIS TOT 'N VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE.

Ek, ERIC HENDRIK LOUW, Minister van Ekonomiese Sake, verklaar hierby, op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyftien* (1) (*a*) (i) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, en aangesien ek oortuig is dat dit nie doenlik is om die doeleindes van so 'n verpligte standaardspesifikasie deur 'n verpligte standaardspesifikasie vir ingemaakte vis te bereik nie, die ondervermelde standaardspesifikasie tot verpligte standaardspesifikasie vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van ingemaakte vis met ingang van die datum ses maande na die publikasie hiervan.

ERIC H. LOUW,
Minister van Ekonomiese Sake.

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE VIS.

AFDELING 1.—BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek ingemaakte vis van die tipes wat hierin beskryf word.

10.3.2 *Dextrose Tryptone Broth.*—Mix 10 g. tryptone, 5 g. dextrose, 0·04 g. bromocresol purple, and 1,000 ml. distilled water and steam the mixture until dissolved. Adjust the reaction to pH 6·8 to 7·0, filter, tube in 10-ml. amounts and autoclave at 121° C. for 30 minutes.

10.3.3 *Cooked Meat Medium.*—Cut 500 g. of lean beef or calf heart into small cubes and cover with distilled water. Bring to the boil, simmer for 1 hour and strain off the liquid infusion through several thicknesses of muslin. Pass the meat three times through a meat grinder and break up the particles by rubbing them between the hands. Add sufficient distilled water to the liquid infusion to make 2 litres and mix it with the meat. Add normal sodium hydroxide solution until the reaction of the supernatant liquid is pH 8·0. Weigh the medium in a tared vessel and autoclave for 15 minutes. Restore the weight with distilled water, and readjust the pH to 8·0. Boil for 10 minutes, restore the weight with distilled water and again adjust to pH 8·0. Boil again for 10 minutes, restore the weight, and, if the reaction is more acid than pH 7·5, readjust to this reaction. Distribute into tubes, keeping the mixture well stirred to ensure a uniform deposit of meat particles in each tube. Cover with a layer of sterile petroleum jelly and autoclave at 121° C. for 30 minutes. Check the final reaction which should be about pH 7·1 and must not be acid.

10.3.4 *Liver Broth.*—Boil 500 g. of minced ox liver in 1,000 ml. of distilled water for 1 hour. Adjust the reaction of the mixture to pH 7·0 and boil for a further 10 minutes Strain through several thicknesses of muslin and make up the volume to 1,000 ml. with distilled water. Add 10 g. of peptone and 1 g. of di-potassium phosphate and again adjust the pH to 7·0. Tube the medium in 10-ml. quantities and add to each tube about 2 g. of the liver particles. Autoclave at 121° C. for 30 minutes. Boil this medium for 10 to 15 minutes before use to remove dissolved air, and cool the tube before inoculation.

---

* No. 459.] [6 March 1953.

STANDARDS ACT, 1945.

DECLARATION OF THE STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED FISH TO A COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION.

I, ERIC HENDRIK LOUW, Minister of Economic Affairs, do hereby, on the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards, and under the powers vested in me by section *fifteen* (1) (*a*) (i) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, and being satisfied that it is not practicable to achieve the purposes of such a compulsory standard specification by a compulsory standard specification for canned fish, declare the undermentioned standard specification to be a compulsory standard specification for the manufacture, production, processing or treatment of canned fish with effect from the date six months after publication hereof.

ERIC H. LOUW,
Minister of Economic Affairs.

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED FISH.

SECTION 1.—SCOPE.

1.1 This specification covers canned fish of the types described herein.

AFDELING 2.—WOORDBEPALING.

2.1 Onderstaande definisies geld vir die doeleindes van hierdie spesifikasie:—

Afwesigheid van mikrobiologiese bederf.—Die afwesigheid van opgeblaasde blikkies en blikkies wat lek, asook van mikro-organismes wat gedurende opberging van die produk bederf sal kan veroorsaak, in minstens 99 persent van die houers wat 14 dae lank by 37° C. geïnkubeer is.

Gedreineerde gewig.—Die gewig van die inhoud van die houer volgens 9.2 bepaal.

Houer.—'n Houer wat van blik of aluminium gemaak is, of, tensy strydig met die verband, 'n glasfles.

Ingemaakte vis.—Die smaaklike voedsel wat berei word deur eetbare vis, heel of in gesnyde stukke, deur middel van hittebehandeling in lugdig-verseëlde houers te preserveer. Hierdie definisie dek nie vissmeer, visballetjies en „ kedgeree " nie.

Los-pakking.—Te groot sydelingse oop ruimtes tussen heel visse of gesnyde stukke vis onderling en/of tussen die visse of gesnyde stukke vis en die wand van die houer.

Luguitdrywing.—Die verwydering van lug uit die inhoud van 'n houer, hetsy deur middel van hittebehandeling of deur evakuering.

Netto bo-ruimte.—Die vertikale afstand tussen die onderkant van die deksel van die houer en die bo-vlak van sy inhoud wanneer volgens 9.1 bepaal.

Telling.—Die aantal eenhede van heel vis wat in die houer aanwesig is.

Tyd-temperatuurproses.—Die ononderbroke hittebehandeling, in terme van tyd en temperatuur uitgedruk, waaraan die produk onderwerp word nadat die houer lugdig verseël is.

AFDELING 3.—ALGEMENE VEREISTES WAT BETREF DIE FABRIEK.

3.1 TOESTAND VAN DIE FABRIEK.

3.1.1 Die vloer moet elke dag waarop die fabriek in werking is, gewas word.

3.1.2 Higiëniese toestande moet te alle tye in die fabriek gehandhaaf word.

3.1.3 In 'n visinmaakfabriek mag geen toestand heers of werk gedoen word wat nadelig vir die inmaak van vis is nie.

3.2 TOERUSTING.

3.2.1 Verpakkingstafels en gereedskap wat in verband met die skoonmaak van vis gebruik word, moet onmiddellik na die dag se werk goed afgewas word.

3.2.2 Die blaaie van alle verpakkingstafels moet van hout, beton, plastiek, glas, marmer, vlekvrye staal of ander materiaal met dergelike gewenste eienskappe gemaak of daarmee oorgetrek wees.

3.2.3 Alle verpakkingstafels moet behoorlik gedreineer, en al'e voeë waterdig wees.

3.2.4 Alle bakke moet skoon gehou en gereeld met warm water of stoom gereinig word.

3.2.5 Lood of loodlegerings, met uitsondering van soldeersel, mag nie vir die konstruksie van toerusting wat met grondstowwe of die produk in aanraking kom, gebruik word nie.

3.2.6 Stoomretorte moet voorsien wees van—

(*a*) 'n reguleerder waarmee die verwerkingstemperature noukeurig beheer kan word. (Hierdie vereiste is egter nie vir die eerste kookproses verpligtend nie);
(*b*) minstens een kwiktermometer;
(*c*) 'n registreertermometer, volledig met tyd-temperatuurkaarte;
(*d*) 'n druk meter;
(*e*) 'n luggat of -gate met kraan/krane bo-in die retort;
(*f*) 'n uitlaatklep in elke termometerhouer;

SECTION 2.—DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:—

Canned Fish.—The palatable foodstuff prepared by preserving edible fish or cuts or edible fish in hermetically sealed containers by heat treatment. This definition does not cover fish paste, fish balls and kedgeree.

Container.—A can made of tinplate or aluminium or unless inconsistent with the context a jar made of glass.

Count.—The number of units of whole fish present in the container.

Drained Weight.—The weight of the contents of the container determined in accordance with 9.2.

Exhausting.—The removal of air from the contents of a container either by means of heat treatment or by vacuumization.

Freedom from Microbiological Spoilage.—The absence, in not less than 99 per cent of the containers, incubated at 37° C. for 14 days, of blows, leaks and micro-organisms liable to cause spoilage in the product during storage.

Net Headspace.—The vertical distance between the underside of the top of the container and the upper level of its contents when determined in accordance with 9.1.

Slack Filling.—Excessive lateral free space between individual units of fish or cuts of fish and/or between the units or fish or cuts of fish and the walls of the container.

Time-temperature Process.—The continuous heat treatment, expressed in terms of time and temperature, applied to the product after the container has been hermetically sealed.

SECTION 3.—GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.

3.1 CONDITION OF FACTORY.

3.1.1 The floor shall be thoroughly washed each day the cannery is in operation.

3.1.2 The factory shall at all times be maintained in a hygienic state.

3.1.3 No operation or condition which is detrimental to the canning of fish shall be performed or be present in a fish canning factory.

3.2 EQUIPMENT.

3.2.1 Packing tables and utensils used in connection with the operation of fish cleaning shall be thoroughly washed immediately after each day's operations.

3.2.2 The tops of all packing tables shall be made of or covered with wood, concrete, plastic, glass, marble, stainless steel or other material possessing similar desirable characteristics.

3.2.3 All packing tables shall have proper drainage and all joints shall be made water tight.

3.2.4 All trays shall be kept clean and shall be regularly scalded with hot water or steam.

3.2.5 Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the product.

3.2.6 Steam retorts shall be equipped with—

(*a*) a controller to maintain accurately the processing temperatures (this requirement is, however, not compulsory for the first cook);
(*b*) at least one indicating mercury-in-glass thermometer;
(*c*) a recording thermometer, complete with time-temperature charts;
(*d*) a pressure gauge;
(*e*) a vent or vents with tap(s) in the top of the retort;
(*f*) a bleeder in each thermometer well or pocket;

(*g*) minstens een uitlaatklep bo-in die retort;
(*h*) ingeval 'n outomatiese reguleerder gebruik word, 'n stoomomleiding rondom die reguleerder om 'n vinnige styging tot die verwerkingstemperatuur moontlik te maak; en
(*i*) 'n geskikte veiligheidsklep.

3.3 WATER VIR VERWERKINGS-, VERPAKKINGS- EN WASDOELEINDES.

Elke inmaakfabriek moet 'n genoegsame hoeveelheid skoon water, vry van stowwe of organismes wat nadelig vir die gesondheid is, tot sy beskikking hê.

3.4 KOELWATER.

Koelwater moet in 'n goeie toestand gehou word. Wanneer dit weer gebruik of gesirkuleer word, moet dit gechloreer word ten einde 'n minimum resterende konsentrasie van 1 deel chloor per miljoen te handhaaf.

AFDELING 4.—VEREISTES WAT BETREF BESTANDDELE.

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.

Alle vis en ander bestanddele moet sowel tydens die bereiding van die produk as tydens die inmaak daarvan skoon, ongeskonde, van goeie gehalte en voorkoms en in alle opsigte geskik vir menslike gebruik wees.

4.2 VOORBEREIDING VAN DIE VIS.

4.2.1 *Krap, skoonmaak en was.*—Alle vis moet behoorlik gekrap en deeglik en higiënies skoongemaak word. In die geval van groot vissoorte moet die bloedmassas verwyder word vir sover dit prakties moontlik is. Voordat die vis in stukke gesny en/of verpak word, moet dit van binne en van buite gewas word.

4.2.2 *Opsny in stukke.*—Wanneer vis in stukke gesny word, moet dit so gedoen word dat groot grate nie opvallend uit die stukke steek nie.

4.3 TAMATIEPUREE.

Tamatiepuree wat by die produk gevoeg word, moet van 'n hoëdiktegraad en donkerrooi van kleur wees en die smaak van ryp tamaties hê. Dit mag geen spoor van bitterheid en geen bygevoegde suiker bevat nie. Die koper- en ystergehalte van die puree moet onderskeidelik hoogstens 40 en 80 d.p.m. wees, uitgedruk op droë basis.

4.4 KERRIE EN MOSTERD.

Kerrie en mosterd moet van 'n goeie gehalte wees en die karakteristieke kleur en smaak hê.

4.5 VERPAKKINGSOLIES.

Geskikte eetbare plantolies en gepolimeriseerde gesuiwerde visolie mag vir die inmaak van vis gebruik word. Hierdie olies mag nie galsterig wees nie. Verder moet hulle helder wees by 60° F. en ook glad en bykans smaakloos. Wanneer toepaslik, moet hulle van Britse Pharmacopie-gehalte wees. Geen mineraal-olies mag gebruik word nie.

4.6 AGAR-AGAR.

Agar-Agar wat spesiaal vir gebruik in voedsel berei en van 'n geskikte gehalte is, mag by die bereiding van die inmaakmedium gebruik word.

4.7 SOUT.

Sout wat by die produk gevoeg of by die bereiding van pekel vir inmaakdoeleindes gebruik word, moet van 'n goeie, eetbare gehalte wees, vry van enige bitter smaak te wyte aan kalsium, magnesium of sulfaat.

4.8 KRUIMIDDELS.

Onskadelike geurmiddels wat ingevolge die regulasies onder die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, toegelaat word, is toelaatbare bestanddele.

4.9 SOETMAAKMIDDELS.

4.9.1 *Sukrose en dekstrose.*—Sukrose en dekstrose is die enigste toelaatbare soetmaakmiddels.

(*g*) at least one bleeder in the top of the retort;
(*h*) in the event of an automatic controller being used, a steam by-pass around the controller to make possible a rapid rise to the processing temperature; and
(*i*) an adequate safety valve.

3.3 WATER FOR PROCESSING, PACKING AND WASHING PURPOSES.

Every cannery shall have an adequate supply of clean water free from substances or organisms that are injurious to health.

3.4 COOLING WATER.

Cooling water shall be maintained in a wholesome condition. If re-used or re-circulated it shall be chlorinated to maintain a minimum residual chlorine concentration of 1 p.p.m.

SECTION 4.—INGREDIENT REQUIREMENTS.

4.1 CONDITION OF INGREDIENTS.

All fish and other ingredients both at the time they are used in the preparation of the product and at the time of canning shall be clean, sound, of good quality and appearance and in every way fit for human consumption.

4.2 PREPARATION OF FISH.

4.2.1 *Scaling, Cleaning and Washing.*—All fish shall be adequately scaled and thoroughly and hygienically cleaned. In large species of fish the blood columns shall be removed wherever practicable. Before slicing and/or packing all fish shall be washed internally and externally.

4.2.2 *Slicing.*—Where fish is sliced it shall be done in a way which ensures that large bones do not protrude conspicuously from the cuts.

4.3 TOMATO PUREE.

Tomato puree added to the product shall be of a thick consistency, deep red in colour, of ripe tomato flavour and free from traces of bitterness, and shall not contain added sugar. The copper and iron concentrations in the puree shall not exceed 40 and 80 p.p.m. respectively, expressed on the dry basis.

4.4 CURRY AND MUSTARD.

Curry and mustard shall be of good quality and of characteristic colour and flavour.

4.5 PACKING OILS.

Suitable edible vegetable oils and polymerized refined fish oil may be used in the canning of fish. These oils shall be non-rancid, clear at 60° F. and bland and, where applicable, shall comply with the requirements of the British Pharmacopoeia. Mineral oils shall not be used.

4.6 AGAR-AGAR.

Agar-Agar specially prepared for use in foods and of suitable quality may be used in the preparation of the packing medium.

4.7 SALT.

Salt added to the product or used in the preparation of brine for canning, shall be of good, edible quality and free from bitterness due to calcium, magnesium or sulphate.

4.8 SEASONING INGREDIENTS.

Harmless flavouring substances permitted in terms of the regulations under the Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929, are permissible ingredients.

4.9 SWEETENING INGREDIENTS.

4.9.1 *Sucrose and Dextrose.*—Sucrose and dextrose are the only sweetening ingredients allowed.

4.9.2 *Suiwerheid van die sukrose.*—Die sukrose moet voldoen aan die vereistes van S.A.B.S. 420, Sukrose vir Inmaakdoeleindes.

4.9.3 *Suiwerheid van die dekstrose.*—Die dekstrose wat by die bereiding van die produk gebruik word moet voldoen aan die vereistes van S.A.B.S. 388, Kommersiële Dekstrose en Vloeibare Glukose.

AFDELING 5.—VEREISTES WAT BETREF DIE PRODUK.

5.1 VERPAKKINGSMETODE.

Die produk mag natuurlik (in pekel of in sy eie olie), gekerrie, met mosterd, in agar-agar, met tamatie as bestanddeel of in bygevoegde olie verpak word.

5.2 DIE VERPAKKING VAN DIE PRODUK.

In die verpakking van vis moet—

(*a*) die koppe van alle vis;
(*b*) die sterte van alle vis behalwe sardientjies; en
(*c*) die vinne van alle vis behalwe sardientjies, harders, maasbankers en makriel, verwyder word;

met dien verstande dat, wanneer sardientjies en harders heel verpak word, die koppe en, in die geval van harders, die sterte, nie verwyder hoef te word nie.

Vis met onooglike haak- of vurkmerke of ander littekens mag nie verpak word nie.

5.3 GEDREINEERDE GEWIG.

Die gedreineerde gewig moet minstens 75 persent van die verklaarde gewig van die inhoud wees, behalwe in die geval van maasbankers waar dit minstens 70 persent van die verklaarde gewig van die inhoud moet wees.

5.4 TELLING EN EENVORMIGHEID VAN GROOTTE.

5.4.1 *Telling.*—Vir sardientjies wat heel in Alt- of ovale houers van 16 ons verpak word, moet die telling minstens 4 wees. Vir harders wat in Alt-houers heel verpak word, moet die minimum telling 3 wees.

5.4.2 *Eenvormigheid van grootte.*—Die eenhede in enige houer moet redelik eenvormig van grootte wees.

5.5 NETTO BO-RUIMTE.

Die netto bo-ruimte in silindriese houers moet hoogstens ½ duim wees in die geval van sardientjies, maasbankers en harders.

5.6 KLEUR EN VOORKOMS VAN DIE INHOUD VAN HOUERS.

(*a*) Die produk moet 'n karakteristieke kleur en voorkoms hê.
(*b*) Vir sover dit redelik moontlik is, moet die produk vry van papperigheid wees.
(*c*) Oorblyfsels van bloedmassas moet afwesig wees.
(*d*) Vir sover redelik moontlik is, moet die produk vry van losgeraakte stukke vlees en vel en van uitstekende grate wees.
(*e*) In natuurlike verpakking moet die vlees aan die oppervlak redelik vry van verkleuring wees. Die vlees aan die oppervlak mag nie swart verkleur wees nie.
(*f*) Wanneer die produk met tamatie as bestanddeel verpak is, moet die tamatie-bestanddeel (sous) sy karakteristieke kleur behou. Die vlees aan die oppervlak mag nie swart verkleur wees nie.
(*g*) Vir sover dit redelik moontlik is, moet die vloeistof in natuurlike verpakkings vry van troebelrigheid en donkerverkleuring wees.
(*h*) 'n Klein stukkie vlees mag aanwesig wees om die volheid van die houer te reël.
(*i*) Die eenhede in houers mag nie losgepak wees nie.
(*j*) Waar olie as 'n verpakkingsmedium gebruik is, mag daar geen onooglike oormaat van enige ander vloeistof aanwesig wees nie.

5.6.1 *Afwesigheid van gebreke.*—Die produk moet vry van taai skubbe, harde grate, vuiligheid, harde deeltjies en ander vreemde onsuiwerhede wees. Behalwe vir die eindgedeelte van die dermkanaal en viskuite mag ingewande nie teenwoordig wees nie.

4.9.2 *Purity of Sucrose.*—Sucrose shall comply with the requirements of S.A.B.S. 420, Canners' Sucrose.

4.9.3 *Purity of Dextrose.*—Dextrose used in the preparation of the product shall comply with the requirements of S.A.B.S. 388, Commercial Dextrose and Liquid Glucose.

SECTION 5.—REQUIREMENTS FOR THE PRODUCT.

5.1 MODE OF PACKING.

The product may be packed either plain (in brine or in its own oil), curried, with mustard, in agar-agar, with tomato as an ingredient or in added oil.

5.2 PACKING OF THE PRODUCT.

In the packing of fish—

(*a*) the heads of all fish shall be removed;
(*b*) the tails of all fish except pilchards shall be removed; and
(*c*) the fins of all fish except pilchards, harders, maasbanker and mackerel shall be removed:

Provided that, where pilchards and harders are packed whole, the heads and, in the case of harders, tails, need not be removed. Fish with unsightly hook or fork marks or other scars shall not be packed.

5.3 DRAINED WEIGHT.

The drained weight shall be not less than 75 per cent of the declared weight of the contents, except in the case of maasbanker for which the drained weight shall be not less than 70 per cent of the declared weight of the contents.

5.4 COUNT AND UNIFORMITY OF SIZE.

5.4.1 *Count.*—For pilchards packed whole in A1T or 16 oz. oval cans the count shall be not less than 4. For harders packed whole in A1T cans the minimum count shall be 3.

5.4.2 *Uniformity of Size.*—The units in any one container shall be reasonably uniform in size.

5.5 NET HEADSPACE.

The net headspace in cylindrical containers shall be not more than ½ in. in the case of pilchards, maasbanker and harders.

5.6 COLOUR AND APPEARANCE OF PACK.

(*a*) The product shall be characteristic in colour and appearance.
(*b*) The product shall be free from mushiness.
(*c*) Residual clotted blood shall be absent.
(*d*) As far as is reasonably possible the product shall be free from ragged pieces of flesh and skin and from protruding bones.
(*e*) In plain packs the surface flesh shall be reasonably free from discoloration. There shall be no blackening of the surface flesh.
(*f*) Where the product is packed with tomato as an ingredient the tomato ingredient shall be characteristic in colour. There shall be no blackening of the surface flesh.
(*g*) As far as is reasonably possible the juice in plain packs shall be free from turbidity and excessive darkness in colour.
(*h*) A small piece of flesh may be present to adjust the fill of the container.
(*i*) Cans shall not be slack filled.
(*j*) Where oil has been used as a packing medium, there shall be no unsightly excess of other liquid present.

5.6.1 *Freedom from Defects.*—The products shall be free from tough scales, hard bones, dirt, grit and other extraneous contaminants. Viscera shall not be present except for the extremity of the anal canal and roes which may be present.

5.7 REUK EN SMAAK.

Die reuk van die produk moet vars wees. Die smaak moet karakteristiek wees, vry van oormatige soutigheid. Waar kerrie of tamatie gebruik is, moet dit nie te sterk gekrui wees nie. Daar mag geen vreemde reuke of bysmake hoegenaamd teenwoordig wees nie.

5.8 TEKSTUUR.

Die produk moet stewig dog sag wees. Ook moet die grate sag wees.

5.8 PRESERVEERMIDDELS.

Geen chemiese preserveermiddels, met die uitsondering van sout, mag in die produk teenwoordig wees nie.

AFDELING 6.—HOUERS.*

6.1 TIPES EN GROOTTES VAN BLIKKE.

Blikke moet geskik wees vir die verpakking van vis, en, indien vernis, moet die vernis sodanig wees dat dit nie gedurende verwerking en bewaring van die produk afskilver nie. Blikke van ondervermelde groottes word aanbeveel vir gebruik deur Suid-Afrikaanse visinmakers:—

Vorm van houer.	Handels-beskrywing.	Nominale inhoudsmaat, onse.	Grootte.†
Rond....	¼-lb. vis	4	211 × 112
	½-lb. vis	8	309 × 115
	½-lb. vis T	8	211 × 302
	1-lb. vis (plat)	14	401 × 208
	A1T	16	301 × 411
	A 2½	30	401 × 411
	A 10	110	603 × 700
Ovaal...	Nr. ½ ovaal	8	513 × 307 × 103·5‡
	1-lb. California Nr. 1	16	607·5 × 406 × 108

6.2 VERSEËLING VAN HOUERS.

Alle houers moet lugdig verseël en alle sluitings sterk en noukeurig aangebring word.

AFDELING 7.—VEREISTES WAT BETREF VERPAKKING EN VERWERKING.

7.1 VULLING ONDER HIGIËNIESE TOESTANDE.

Die produk moet onder streng higiëniese toestande voorberei en in ongeskonde, skoon houers verpak word. Die deksels moet skoon wees ten tye van hul gebruik.

7.2 LUGUITDRYWING, NAATSLUITING EN VERWERKING.

7.2.1 Die lug moet genoegsaam uit gevulde houers uitgedryf, die nate van houers behoorlik gesluit en die verseëlde houers deur middel van hittebehandeling verwerk wees.

7.2.2 Die luguitdrywing, naatsluiting en verwerking moet op so 'n manier geskied dat die ente konkaaf bly tydens normale vervoer- en bewaringstoestande. Onder normale vervoer- en bewaringstoestande moet die produk 'n goedhouvermoë van minstens 2 jaar hê.

7.2.3 Die tyd- temperatuurproses moet (*a*) die vernietiging van patogene organismes, en (*b*) afwesigheid van mikrobiologiese bederf, verseker.

AFDELING 8.—ETIKETTERING EN MERK VAN HOUERS.

8.1 BESONDERHEDE WAT OP ELKE HOUER OF ETIKET MOET VERSKYN.

8.1.1 Onderworpe aan 8.4 moet onderstaande besonderhede goed leesbaar op elke houer of etiket verskyn en wel sodanig in die oog vallend en in sodanige letter-

* Gelitografeerde blikke mag gebruik word.

† Die afmetings stel buitemate voor en word op die manier uitgedruk wat in die nywerheid gebruiklik is; die laaste twee syfers stel sestiendes van 'n duim voor, die eerste duime, bv. 211 = 2 dm. en 11 sestiendes.

‡ In die afmeting 103·5, wat die diepte van hierdie ovale houer is, stel die eerste syfer duime voor en die laaste drie syfers sestiendes van 'n duim. Die ander twee afmetings is lengte en breedte in hierdie volgorde.

5.7 ODOUR AND FLAVOUR.

The odour of the product shall be fresh. The flavour shall be characteristic, free from excessive saltiness and in packs in which curry or totmato has been used, free from overspicing. No off-odours or off-flavours of any kind shall be present.

5.8 TEXTURE.

The product shall be firm but tender. Bones shall be soft.

5.9 PRESERVATIVES.

No chemical preservatives other than salt shall be present in the product.

SECTION 6.—CONTAINERS.*

6.1 TYPES AND SIZES OF CANS.

Cans shall be suitable for the packing of fish and, if lacquered, the lacquer shall be such that it does not peel off during processing and storage of the product. Cans of the following sizes are recommended for use by South African fish canners:—

Shape of Can.	Trade Description.	Nominal Capacity. oz.	Size.†
Round..	¼ lb. fish	4	211 × 112
	½ lb. fish	8	309 × 115
	½ lb. fish T	8	211 × 302
	1 lb. fish (flat)	14	401 × 208
	A1T	16	301 × 411
	A2½	30	401 × 411
	A10	110	603 × 700
Oval....	No. ½ oval	8	513 × 307 × 103·5‡
	1 lb. California No. 1	16	607·5 × 406 × 108

6.2 SEALING OF CONTAINERS.

All containers shall be hermetically sealed, and all closures strongly and accurately made.

SECTION 7.—PACKING AND PROCESSING REQUIREMENTS.

7.1 FILLING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.

The product shall be prepared and filled under strictly hygienic conditions, into sound and clean containers. Lids shall be clean at the time of use.

7.2 EXHAUSTING, STEAMING AND PROCESSING.

7.2.1 The filled containers shall be sufficiently exhausted, properly seamed and processed by heat.

7.2.2 The exhausting, seaming and processing shall be done in such a manner that the ends remain concave under normal transport and storage conditions. Under normal conditions of transport and storage the product shall have a minimum shelf life of two years.

7.2.3 The time-temperature process shall ensure (*a*) the destruction of pathogenic organisms and (*b*) freedom from microbiological spoilage.

SECTION 8.—LABELLING AND MARKING OF CONTAINERS.

8.1 DETAILS REQUIRED ON EACH CONTAINER OR LABEL.

8.1.1 Subject to 8.4, the following information shall appear legibly on each container or label in type of such size and prominence as prescribed by the regulations

* Lithographed cans may be used.

† The dimensions are measured "overall" and are expressed in the manner usual in the industry, the last two figures representing sixteenths of an inch, the first representing inches, e.g., 211 = 2 in. and 11 sixteenths.

‡ In the measurement 103·5, which is the depth of this oval can, the first figure represents inches and the last three figures sixteenths of an inch. The other two measurements are length and width in that order.

grootte soos deur die regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Maten en Gewichten, No. 32 van 1922, en die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, voorgeskryf word:—

(*a*) Die volle naam en besigheidsadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beheermaatskappy, of, in die geval van houers wat vir 'n bepaalde persoon verpak word, die volle naam en besigheidsadres van daardie persoon, voorafgegaan deur woorde wat aantoon dat die inhoud vir daardie persoon verpak is;
(*b*) 'n juiste beskrywing van die visinhoud (8.1.2);
(*c*) die soort sous, as sous gebruik is;
(*d*) die naam of tipe van die olie wanneer die vis in 'n ander as sy eie natuurlike olie verpak is;
(*e*) die netto gewig van die inhoud;
(*f*) die inmaakdatum en (indien gebruik) die produksielotnommer, op die houer gebosseleer of op 'n ander manier onuitwisbaar aangebring (enige merk of kode wat in plaas van die datum gebruik word, moet by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geregistreer word); en
(*g*) woorde wat die land van herkoms aandui.

8.1.2 *Juiste beskrywing van die inhoud.*

(*a*) Geen vis mag anders as onder sy korrekte naam geëtiketteer word nie. Waar die uitdrukking „ uitgesoekte vis " of dergelike woorde gebruik word om die inhoud van 'n houer aan te dui, moet die naam van die vis wat ingemaak is in gewone letters van dieselfde kleur en afmetings aangegee word.

